Departement van Landbou
Suid Afrika

AGRISEB
Breë-Basis Swart Ekonomiese Bemagtigingsraamwerk vir Landbou

"Dit is die aanvaarding van 'n deursigtige, voorspelbare praktiese en implementeerbare proses van verandering wat sekerheid en stabiliteit sal invoer, en nie 'n denkbeeldige afwesigheid van verandering nie."

Thabo Mbeki, 22 September 1994

Departement van Landbou

Julie 2004

BOODSKAP VAN MINISTER DIDIZA

In sy staatsrede in Mei vanjaar, het President Mbeki aangekondig dat die Departement van Landbou 'n konsep AGRISEB raamwerk teen Julie sal vrystel vir bespreking. Ek is vandag verheug om die raamwerk voor te lê.

Dit is een van die kritieke boublokke wat benodig word om ons ideal van 'n nierassistiese, nieseksistiese Suid-Afrika te bereik. Hierdie AGRISEB raamwerk is in lyn met bestaande Regeringsbeleid en wetgewing vir die herstel van eeuelange rassediskriminasie en die gevolge daarvan. Dit is nog 'n stap op die weg wat ons ingeslaan het toe ons die ideale van 'n nierassistiese, nieseksistiese samelewing in ons Grondwet omskryf het en dat ons die verpligtinge wat aan ons almal opgedra is verstaan.

Die AGRISEB raamwerk stel die riglyne vir 'n Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging vir landbou vas, op 'n wyse wat daarna streef om te bou op die ervaring met transformasiepogings van die afgelope dekade. Dit is voorafgegaan deur die oorweging van 'n bemagtigingstudie in opdrag van die Departement, 'n reeks gefokusde raadplegende prosesse gelei deur 'n breë verwysingsgroep en die ervaring van die ontwikkeling en implementering van die Verbreeding van Toegang tot Landbou Dryfkrag en die meer onlangse Landbousektorstrategie.

Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging vir Landbou, soos in alle ander sektore, moet verstaan en gebruik word as 'n middel tot 'n doel. Met die geskiedenis van onreg in ons land wat deur die dekades ontwikkel het en toegepas is, is hierdie 'n middel om dié wanbalanse reg te stel.

Die doel van die Landbousektor is die bereiking van die visie soos deur die Presidensiële Werkgroep oor Landbou in November 2001 ooreengekom – 'n Verenigde en Welvarende Sektor. Ons visie, wat deur alle sleuteldeelnemers aangeneem is, het as hoof strategiese doelstelling:

"Om billike toegang tot en deelname in 'n globaal mededingende, winsgewende en volhoubare landbousektor te genereer wat tot 'n beter lewe vir almal sal bydra" en deur drie sleutel strategiese

doelwitte ondersteun word.

Na die aanvaarding van die Sektorplan, het ons besef dat gefokusde strategieë implementeer moet word om die rasse-skeiding wat tot 1994 in die landbousektor bestaan het te oorbrug, terwyl ons terselftertyd ‘n bemagtigingsomgewing om groei te bevorder, met uiters nodige mededingendheid en innovering in die primêre en sekondêre landbousektore moet skep. Ons moes die uitdaging van globalisering, die gebrek aan sigbare deelname van vroue in die sektor en die haglike omstandighede en werksbedreigings wat werkers op plase en in landboubedrywe ondervind in aanmerking neem. Ons het die Bedryfsbenadering gevolg wat ‘n deeglike ondersoek van die vooruit- en agteruit-verbindings binne die totale waardeketting tussen verskeie kommoditeite omvat.

Deur hierdie werk het ons tot die besef gekom dat meer gedoen moet word om die landbousektor en verwerkingsaktiwiteite met die insetsektore, vervaardigingsbedryf, verbruikersbelange en omgewingsbelange te verbind. Ons het ook besef dat terwyl vordering in die ontwikkeling van kommoditeitstrategieë gemaak is – hoewel dit stadig gebeur - ons nie die transformasie en regstelling van raswanbelanse aan toeval kan oorlaat nie. In menige gevalle is die beoogde begunstigdes van die regstellingsproses, soos plaas- en nywerheid-werkers, nie daadwerklik ingesluit in die definisie van die gewenste kort- en langtermyn gevolge nie.

Hierdie konsep AGRISEB raamwerk is daarom bedoel om alle bestaande en potensiële toekomstige deelnemers in die landbousektor by te staan om ‘n betekenisvolle dialoog en aksieplan aan te pak, wat in die kortste moontlike tydperk die negatiewe gevolge van ons geskiedenis van ‘n dualistiese sektor kan uitwis en om resultate te lewer wat kan bydra tot ‘n hoër gemeenskaplike ideaal van ‘n beter lewe vir almal. Dit definieër die boustene vir die uitskakeling van skewe deelname en ongelykheid in die landbousektor as voortvloeisel van vorige partydige rasgegronde beleide en programme vir die hoofkomponente van suksesvolle landbou. Die AGRISEB raamwerk is aanvullend tot die ander sleutel en strategiese inisiatiewe van die regering om groei, gelykheid en werkverskaffing teweeg te bring en om die volhoubare bestuur en verbruik van natuurlike hulpbronne te verseker.

Ons het probeer verseker dat die raamwerk eenvoudig en ondubbelsinnig geskryf is om die talle gevestigde wit boere en besigheidseienaars, wat ons gereeld nader vir leiding oor hoe hul bydrae tot Swart Ekonomiese Bemagtiging te maak, by te staan. Dit is ook bedoel om ons swart landsburgers wat hoop verloor het om ooit deel te wees van die landbousektor, weens vervreemding, te help met ‘n omvattende raamwerk om geleenthede wat voorkom opnuut aan te durf. Dit is ons hoop dat hierdie raamwerk misleidende vertoon sal ontmoedig en eerder die versnelling van die implementering van bestaande inisiatiewe, en natuurlik die nuwe verwagte inisiatiewe te ontplooi sal inspireer.

Oor die volgende paar maande verwag ons dat hierdie dokument gesprekke sal bevorder tussen die Departement van Landbou en die verskeie groepe, swart en wit, ryk en arm, wat betrokke is, of wil raak, in landbou oor die verbintenisse wat ingesluit is, om te verseker dat ons transformasie agenda ondubbelsinnig en allesomvattend is en die ingewikkeldheid van die landbousektor weerspieël. Die Departement van Landbou sal van hul kant ‘n toepaslike kapasiteit om die implementering van AGRISEB aan te pak, inligting deur te gee en uiteindelik daaroor toesig te hou tot stand bring. In November vanjaar wil ek graag die kommentare en insette wat ons ontvang het hersien en die nodige aanpassings aan hierdie dokument maak, om dit aan die Kabinet voor te lê vir opname in lyn met Artikel 12 van die wet op Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging van 2003.

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om die departementele span, die verwysingsgroep en almal wat onvermoeid saamgewerk het om te verseker dat ons hierdie stadium van die proses om swart bemagtiging in die sektor bereik, te bedank.

oooo000000oooo

VISIE

Om Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging na te streef, ter ondersteuning van ‘n Verenigde en Welvarende Landbousektor.

INLEIDING

Let daarop dat:

- Dit regeringsbeleid is om ‘n omvattende en strukturele transformasie in die landbousektor te fasiliteer om ‘n Verenigde en Welvarende Landbousektor in vennootskap met die ander deelnemers te bereik.
- Die grondwet van die Republiek van Suid Afrika en sy Handves van Menseregte verplig die land om gelykheid na te streef deur wetgewing en ander maatreëls wat ontwerp is om mense, of kategorieë mense wat voorheen deur onregverdige diskriminasie benadeel is, te beskerm en te bevoordeel.
- Die Strategiese Plan vir Suid-Afrikaanse Landbou, wat op 27 November 2001 deur die landbousektor goedgekeur is, het as strategiese doel om toegang en deelname te bevorder; globale mededingindheid en winsgewendheid te verbeter en volhoubare hulpbronbestuur te verseker.
- Die Grondhervormingsprogram van die Regering met drie hoof subprogramme – Restitusie, Herverdeling en Verblyfsreg – het as ‘n strategiese doelwit die transformasie van die Suid-Afrikaanse apartheid grondstelsel om ‘n bevorderlike omgewing vir politiese, sosiale en ekonomiese bemagtiging van Histories Benadeelde Individue te skep. Om die rede is die Program vir Grondhervorming vir Landbouontwikkeling ontwikkel as ‘n spesifieke hulpmiddel om landbou te steun.
- Die Visie en Gedragskode op arbeidsverhoudinge in landbou is geteken deur Georganiseerde Landbou, vakbonde en die Regering.
- Die volgende landswette is bedoel om sosio-ekonomiese transformasie te bevorder:
    - Die Wet op Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (2003);
    - Die Wet op Mededinging (Nr. 89 of 1998 soos gewysig deur Wet Nr. 35 van 1999);
    - Die Wet op Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg (Nr. 62 van 1997);
    - Die Wet op Billike Indiensneming (Nr. 55 van 1998);
    - Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Nr. 97 van 1998);
    - Die Wet op die Herstel van Grondregte (Nr. 22 van 1994)

Met erkenning dat:

- Vanaf die begin van die eeu, en onder die vorige apartheidsbedeling, is ras en geslag gebruik om toegang tot, gebruik van, en bevoordeling uit Suid-Afrikaanse landbou-produksiehulpbronne te beheer;
- Nieteenstaande al die pogings van die demokratiese regering, bly die Suid-Afrikaanse gemeenskap gekenmerk deur groot ras- en geslagsongelykheid in die verdeling van, en toegang tot, geleenthede, rykdom, inkomste, vaardighede en indiensneming;
- ‘n Gebrek aan optimale en effektiewe deelname deur die meerderheid Suid-Afrikaners in die ekonomie kan ’n nadelige uitwerking op nasionale veiligheid en die toekomstige stabiliteit van die land hê;
- Die Landbousektor, weens sy historiese evolusie, het ‘n kritieke rol om te vervul in die totale sosio-ekonomiese transformasie van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en speel steeds ‘n betekenisvolle rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie as ‘n bevorderaar van voedselsekerheid, werkgeleenthede, landelike ontwikkeling en uitvoere.
- Die vinnig veranderende globale omgewing vereis dat meer aandag geskenk word

aan die innovasie, mededingindheid, risikobestuur, asook kennis en inligtingsbestuur, wat alles vereis dat die Suid-Afrikaanse landbousektor proaktief moet wees om die bestaande menslike kapitaalpoel te vergroot deur te belê in mense, onpartydige werkverskaffing, vaardigheidsontwikkeling en institusionele transformasie.

Daarom het:

Ons, die ondergetekendes, hierdie raamwerk ontwikkel as ons sektor se doelbewuste poging om die historiese onregverdighede te herstel, en om die histories benadeelde Suid-Afrikaners in die landbousektor te bemagtig. Ons bevestig AGRISEB as ‘n morele, politiese, sosiale en fundamentele ekonomiese imperatief vir ons land se gesamentlike toekoms.

1. OMVANG VAN TOEPASSING

AGRISEB is van toepassing op die totale waardeketting in die Suid-Afrikaanse landbousektor (van plaas tot verbruikerstafel) en sluit alle ekonomiese aktiwiteite met betrekking tot die voorsiening van landbou-insette, dienste, boerdery, verwerking, verspreiding, logistieke en verwante aktiwiteite in wat waarde toevoeg tot landbouprodukte.

2. DEFINISIES

Vir die doel van hierdie raamwerkdokument, geld die volgende terme:

Landbou verwys na al die ekonomiese aktiwiteite wat met die produksie en verwerking van landbou gepaard gaan, van die voorsiening van plaasinsette, boerdery en waardetoe-voeging.

AGRISEB is ‘n sektoriale breë-basis swart ekonomiese bemagtigingsraamwerk gemik op doelbewuste en stelselmatige steun aan swart Suid-Afrikaners te verleen om ten volle aktief deel te neem in die landbousektor as eienaars, bestuurders, beroepslui, opgeleide werknemers en verbruikers.

Die Wet is die Wet op Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtigings, 2004.

Swart mense is ‘n generiese term wat Afrikan, Kleurlinge en Indiers insluit.

Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (gelyke toegang en deelname) in landbou beteken ekonomiese bemagtiging van alle swart mense, insluitend vroue, arbeiders, die jeug, mense met gebreke en mense wat in landelike gebiede woon, deur uiteenlopende maar geïntegreerde sosiale of ekonomiese strategeë, wat die volgende insluit, maar nie daartoe beperk word nie:

(a) Om die getal swart mense wat ondernemings en produktiewe bates bestuur, besit en beheer, te verhoog;

(b) Om eienaarskap en bestuur van ondernemings en produktiewe bates deur swart gemeenskappe, arbeiders, koöperasies en ander gesamentlike ondernemings, te fasiliteer;

(k) Menslike hulpbron- en vaardigheidsontwikkeling van swartmense;

(d) Bereiking van gelyke verteenwoordiging in alle landbouberoepe, arbeidskategorieë en vlakke in die arbeidsmag;

(e) Voorkeuraankope; en

(f) Belegging in ondernemings wat deur swart mense besit of bestuur word.

SEB ondernemings is tipe ondernemings met verteenwoordigende vlakke van deelname deur eienaarskap, bestuur of beheer deur swart Suid-Afrikaners, in die Wet omskryf.

(a) ‘n “Swart onderneming” is een waarvan 50,1% besit word deur swart mens(e) en waar daar beduidende bestuursbeheer is.

(b) ‘n “Swart bemagtigde onderneming” is een waarvan minstens 25,1% besit word deur swart mens(e) en waar daar beduidende bestuursbeheer is.

(c) ‘n “Onderneming besit deur swart vrou(e)” is een met minstens 25,1% swart vroue binne die swart gelykheids- en bestuursdeel.

(d) ‘n “Gemeenskap- of breë-basis onderneming” het ‘n bemagtigingsaandeelhouer wat die breë basis van lede soos ‘n plaaslike gemeenskap verteenwoordig,of waar die voordele ‘n teikengroep, byvoorbeeld swart vroue, mense met gebreke, die jeug en werkers bystaan. Aandele word besit deur direkte gelykheid, nie-winsgewende organisasies en / of trusts.

(e) ‘n “Kooperatiewe of kollektiewe onderneming” is ‘n selfbesturende genootskap van mense wat vrywillig saamkom om hul ekonomiese, sosiale and kulturele behoeftes en aspirasies te bevredig deur demokraties beheerde onderneming wat gesamentlik besit word te vorm.

(f) “Eienaarskap” verwys na ekonomiese belange, die gesag en mag om bates te bestuur en beleid en die rigting van die maatskappy se werking te bepaal.

(g) Bestuur verwys na uitvoerende bestuurders, senior bestuur, middelbestuur en junior bestuur.

CASP verwys na Comprehensive Agriculture Support Programme.

(Omvattende Landbouondersteunings Program)

Onderneming is ‘n generiese term wat gebruik word om ‘n landbou-onderneming te beskryf en sluit boerdery-ondernemings en ander verwante dienste wat landbou ondersteun, in.

Gevestigde Bedryf beteken daardie individue, groepe, koöperasies of maatskappye wat voor 1994 bestaan het en ‘n meerderheid wit bestuur, eienaarskap en beheerstruktuur gehad het.

Hoëpotentiaal- and unieke landbougrond

HBI:Histories Benadeelde Individiue verwys na enige persoon, mense of gemeenskap, benadeel deur partydige diskriminasie voor die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, 1993 (Wet Nr. 200 van 1993).

Hoofstroming beteken ‘n proses waar werkers vorder vanaf laer vlakke van ekonomiese aktiwiteit in landbou na wesenlike ekonomiese lewensvatbaarheid en om hierdie operateurs in die hoofstroomekonomie in te skakel en te erken.

Sektor: Die landbougemeenskap binne die volledige waardeketting van landboubesighede.

Sektorplan: Strategiese Plan vir Suid-Afrikaanse Landbou, gesamentlik ontwikkel deur die Regering van die Republiek van Suid- Afrika, Agri SA (insluitend die Landbou-besigheidskamer) en *NAFU,* geteken op 27 November 2001.

SBO: Staatsbeheerde Ondernemings

Deelnemers word gebruik as ‘n breë term om deelnemers in die hele landbouwaardeketting te beskryf, sowel bestaande- en potensieel begunstigdes van AGRISEB.

3. DOELWITTE

AGRISEB se doelwitte is om rassediskriminasie in die landbousektor uit te skakel deur inisiatiewe te implementeer wat swart Suid-Afrikaners binne die hoofstroom plaas op alle vlakke van landbou-aktiwiteite en -ondernemings deur die volledige landbouwaardeketting deur:

(a) Bevordering van redelike toegang tot- / en deelname van Histories Benadeelde Individue in die volledige waardeketting;

(b) Derassialisering van grond- en ondernemingseienaarskap, beheer, geskoolde beroepe en bestuur van bestaande en nuwe landbou-ondernemings;

(c) Ontsluiting van die volle ondernemersvaardighede en potensiaal in die HBI sektor;

(d) Fasilitering van strukturele veranderinge in landbou-ondersteuningstelsels en ontwikkelingsinisiatiewe om swart Suid-Afrikaners te ondersteun in die besit van, vestiging van, deelname in, en die bestuur van landbouondernemings;

(e) Maatskaplike heffing en herstel van waardigheid van swart Suid-Afrikaners in die sektor;

(f) Verbreding van die omvang van besit en bestuur van bestaande en nuwe landbou-ondernemings deur gemeenskappe, werkers, koöperasies en ander gemeenskap-like ondernemings; asook van hul toegang tot ekonomiese aktiwiteite, infrastruktuur en vaardigheidsopleiding;

(g) Verbreding van die omvang van besit en bestuur van bestaande landbou-ondernemings deur swart vroue, mense met gebreke en die jeug, verbreding van toegang tot ekonomiese aktiwiteite, infrastuktuur en vaardigheidsopleiding;

(h) Bemagtiging van landelike en plaaslike gemeenskappe om toegang te verkry tot landbou-ekonomiese aktiwteite, grond, landbou infrastruktuur, eienaarskap en vaardighede.

4. VERBINTENISSE

Alle deelnemers verbind hulself tot die onderliggende beginsels van die AGRISEB raamwerk en onderneem om saam te werk om ‘n omgewing te skep vir die bemagtiging van HBIe deur die volgende te lewer: -

4.1 LANDBOUGROND

Hoë potensiaal en unieke landbougrond is ‘n kritieke, maar beperkte en skaars hulpbron in Suid-Afrika. Deelnemers sal saamwerk om te verseker dat HBIe eienaarskap en huurpag en / of gebruik van hoëpotensiaal en unieke landbougrond het.

Die Gevestigde Bedryf onderneem om:-

- By te dra tot die verwesenliking van die land se doelwit om te verseker dat ***[30%]*** van landbougrond deur swart Suid-Afrikaners besit sal word teen die jaar 2014;
- By te dra tot ‘n addisionele mikpunt om ***[20%]*** van eie bestaande hoëpotensiaal en unieke landbougrond beskikbaar te stel vir huur deur swart Suid-Afrikaners teen die jaar 2014;
- ***[15%]*** van bestaande hoëpotensiaal en unieke landbougrond vir aankoop of huur teen 2010 beskikbaar te stel;
- Wetgewende en ontwikkelingsinisiatiewe, wat daarop gemik is om besitreg van landbougrond in alle gebiede te bekom te ondersteun;
- ***[10%]*** van eie landbougrond beskikbaar te stel aan plaaswerkers vir hul eie vee- en plantproduksieaktiwiteite.

Die Regering onderneem om:-

- Deur bestaande programme by te dra tot verbreding van toegang en besitreg van landbougrond deur swart Suid-Afrikaners;
- Proaktief geskikte landbougrond te bekom wat op die mark beskikbaar gestel is vir grondherverdeling te bekom;
- Landbougrond wat deur die oproeping van verbande van skuldbelaste boere aan die Staat terugval vir herverdeling te gebruik;
- Die ontwikkeling van ‘n welvarende, lewensvatbare grondhuurstelsel te bevorder;
- Volhoubare bestuur en gebruik van natuurlike hulpbronne te bevorder.

Swart Suid-Arikaanse grondeienaars en –gebruikers onderneem om:-

- Produktiewe en volhoubare verbruik van hoëpotensiaal- en unieke landbougrond te verseker.

4.2 MENSLIKE HULPBRONONTWIKKELING

Vinnige veranderinge in die globale omgewing vereis dat deelnemers saamwerk om te verseker dat meer aandag gegee word aan uitbreiding van die bestaande menslike kapitaalpoel deur in mense te belê, werkverskaffings gelykheid, vaardigheidsontwikkeling en institusionele transformasie. Kommersiële lewensvatbaarheid in landbou vereis volhoubare produktiwiteit en hoë vlakke van entrepreneurskap, langtermynbetrokkenheid, hulpbronne en vaardighede. Landbou in Suid-Afrika het ‘n lae absorpsiekoers van bekwame en opgeleide arbeid wat nie met die behoeftes ooreenstem nie. Dit is bewys deur die hoë verhouding landbougegradueerdes wat nie werk kan vind nie. Hoë ongeletterdheidsvlakke kom ook voor by plaasgemeenskappe.

Die Sektor onderneem om:-

- Die koers van ongeletterdheid by plaasgemeenskappe met 75 % teen die jaar 2008 te verminder;
- Ongeletterdheid by plaasgemeenskappe teen 2020 heeltemal uit te skakel;
- Te verseker dat alle arbeiders in die sekondêre en tersiêre vlak van die sektor funksioneel geletterd en -syferkundig is teen die jaar 2010;
- Opleidingsprogramme vir plaas- en bedryfswerkers in toepaslike tegniese- en bestuurs-vaardighede teen Julie 2005 in te stel.
- Mee te werk om optimaal gebruik te maak van hulpbronne van die toepaslike Sektor Opvoeding en Opleidingsowerhede [PAETA, Voedsel en Dranksektor and SETASA] om die bogenoemde doelwitte te bereik:
- ‘n Sektor-wyd werksverskaffings- en mentorprogram vir jong professionele in te stel met ‘n teiken van 5 000 swart werklose en onderbenutte gegradueerdes in alle vakgebiede per jaar vir die volgende 5 jaar, wat in die 2005 finansiële jaar begin; mentorskapprogramme sal geakkrediteer word deur die toepaslike SETA of ander gesag waaroor ooreengestem is

.

Die Gevestigde Bedryf onderneem om:-

- Teen Julie 2005 ‘n mentorskapprogram met bestaande en afgetrede deskundiges en entrepreneurs te ontwikkel as een van die meganismes om vaardighede aan nuwe swart toetreders oor te dra. So ‘n mentorskapprogram moet sowel duidelike riglyne en standaarde vir deelname hê, as ‘n effektiewe moniteringstelsel;

Die Regering onderneem om:-

- Landbou as ‘n beroep te bevorder en om in 2005 ‘n hersiening van die effektiewe vraag na menslike hulpbronne in die landbousektor te maak;
- ‘n Teikenprogram in samewerking met onderwysowerhede, boerderyoranisasies en die privaat landbousektor te lei en koördineer om bestaande opvoeding en opleidings-leerplanne te hersien om teen 2006 tegniese, ondernemers- en bestuursvaardighede vir swart toetreders tot die sektor te bevorder;
- Die insluiting van ‘n aansienlike getal swart mense uit die sektor as die kern van strategiese vennote in die Regering se buitelandse handelsmissies, tegniese ondersteuning, studie-besoeke en opleidingsgeleenthede te verseker.

4.3 GELYKE WERKVERSKAFFING

In ooreenstemming met die Wet op Billike Indiensneming en die Wet op Vaardigheidsontwikkeling

onderneem alle ondernemings in die sektor om:

- Progressief ‘n ***[30%]*** verteenwoordiging van swart mense op uitvoerende bestuursvlak van elke onderneming teen die jaar 2006 te bereik;
- Progressief ‘n ***[50%]*** verteenwoordiging van swart mense op senior bestuursvlak van elke onderneming teen die jaar 2008 te bereik;
- Progressief ‘n ***[60%]*** verteenwoordiging van swart mense op middel bestuursvlak van elke onderneming teen die jaar 2008 te bereik;
- Progressief ‘n ***[70%]*** verteenwoordiging van swart mense op junior bestuursvlak van elke onderneming teen die jaar 2008 te bereik;
- Progressief ‘n ***[10%]*** verteenwoordiging van swart vroue op uitvoerende bestuursvlak van elke onderneming teen die jaar 2006 te bereik;
- Progressief ‘n ***[25%]*** verteenwoordiging van swart vroue op senior bestuursvlak van elke onderneming teen die jaar 2008 te bereik;
- Progressief ‘n ***[30%]*** verteenwoordiging van swart vroue op middel bestuursvlak van elke onderneming teen die jaar 2008 te bereik;
- Progressief ‘n ***[45%]*** verteenwoordiging van swart vroue op junior bestuursvlak van elke onderneming teen die jaar 2008 te bereik.

Hierdie doelwitte is ingestel daarop om ‘n verteenwoordigende bestuurskomponent in alle ondernemings teen die jaar 2014 te bereik, wat weer AGRISEB-uitkomste sal versterk en konsolideer.

4.4 ONDERNEMINGSEIENAARSKAP EN GELYKHEID

‘n Sleutel tot breë-basis swart ekonomiese bemagtig is die eienaarskap van bates en ondernemings in die sektor. Eienaarskap in landbou is histories gesien as afhanklik van grondeienaarskap. Hierdie AGRISEB raamwerk onderskei tussen grond- en ondernemingseienaarskap. Deelnemers in die sektor sal streef na die ontwikkeling en implementering van ‘n verskeidenheid ondernemings-eienaarskapmodelle ter ondersteuning van AGRISEB.

Die Bestaande Bedryf onderneem om: -

- ***[35%]*** swart eienaarskap van bestaande en nuwe ondernemings teen 2008 te verseker;
- Te verseker dat waar daar beleggingsinisiatiewe onderneem word op die vasteland van Afrika ***[10%]*** van die deel van die Suid-Afrikaanse belegging toegewys word aan swart Suid-Afrikaners;
- Gesamentlike ondernemings en vennootskappe aan te gaan om te verseker dat ***[30%]*** van uitvoermarkgeleenthede teen 2007 aan ondernemings in swart besit sal toeval;
- ***[10%]*** eienaarskap van plaaswerkers in plaasvlakondernemings teen 2008 te verseker.

4.5 AANKOPE EN KONTRAKTE

Die verbintenisse in hierdie AGRISEB raamwerk se sukses word ook beïnvloed deur die aankoop- en kontraktuele neigings van die kleinhandel--, toerisme, verspreiding- en verbruiker-sektore. In ooreenstemming met die gees van hierdie raamwerk onderneem alle ondernemings in die sektor om:

- Implementering van teiken aankoop strategieë en beleide om SEB te realiseer. Die teiken sal ***[50%]*** van die totale waarde van alle aankope vanaf SEB maatskappye teen 2010 wees, en ***[70%]*** teen 2014;
- Jaarlikse verslag op alle SEB aankoopuitgawes;
- Waar moontlik, aan swart Suid-Afrikaners en plaaslike klein en medium ondernemings progressief ‘n ***[50%]*** voorkeurverskafferstatus te gee,

insluitend die verskaffing van dienste en goedere, oor ‘n vyfjaartydperk;

- Kontraktuele ooreenkomste sal op onmiddellike (maandelikse) betaling vir werk deur swart maatskappye gelewer, gebaseer word om te verseker dat sake glad verloop en kwaliteit resultate gehandhaaf word teen die einde van Oktober 2005.

4.6 LANDBOU-ONDERSTEUNINGSDIENSTE

Ondersteuningsdienste soos toegang tot finansiering, infrastruktuur, inligting en kundigheidstelsels, is kernsteunpilare van volhoubare bemagtigingsinisiatiewe. Die Deelnemers erken dat daar nog uitdagings bestaan om die geskiedenis van dualisme in die landbousektor te oorkom.

Die Gevestigde Bedryf onderneem om:-

- Met die Finansiële Sektor in gesprek te tree om te verseker dat Swart Ekonomiese Bemagtigingsgeleenthede deur die Finansiële Handves in die landbousektor gerealiseer word;
- Te verseker dat betekenisvolle toegang tot en verbruik van infrastruktuur, bates en ondersteuningsdienste wat hulle bekom het as ‘n uitvloeisel van vorige apartheidsbeleid verleen word aan swart ondernemings in die sektor teen 2007
- Bestaande SEB beginsels en beskikbare geleenthede om ondersteuningstelsels vir die realisering van AGRISEB omvattend toe te pas.

Die Regering onderneem om:-

- ‘n Bemiddelende omgewing om landbou te ondersteun te skep;
- Met die implementering van die Omvattende Landbou-ondersteuningsprogram voort te gaan.

Swart mense in die sektor onderneem om:-

- Proaktief deel te neem aan die prosesse wat die behoefte aan landbou-ondersteunings-dienste en die daaropvolgende ontwerp in die uitvoering daarvan te definieer.

5. MONITERING, EVALUASIE EN VERSLAGGEWING

Monitering van breë-basis SEB en goeie praktyke soos bepaal in die Wet op Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging van 2003.

- Elke instelling binne die sektor onderneem om (in hulle jaarverslag) volledig verslag te lewer en vordering in bereiking van die verbintenisse aan te toon. Die eerste jaarverslag sal vir die 2005 finansiële jaar wees.
- Spesifieke areas van verslagdoening sal die volgende insluit: - % hoëpotensiaal en unieke landbougrond toegewys en oorgedra na HBIe; Menslike Hulpbron-ontwikkelingsprogramme in plek, Billike Indiensneming en Verteenwoordigende teikens behaal; SEB aankoop-uitgawes; Landbou-ondersteuningsdienste-inisiatiewe.
- ‘n Telkaart sal ontwikkel word as ‘n integrerende deel van die AGRISEB raamwerk.

ONDERTEKENAARS

[‘n Volledige lys sal gefinaliseer word aan die einde van die beraadslagingsproses]